Die Lewende Kerk

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron
Sondag 15 November 2015

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel
Lees: 1 Kon 18: 16-46
Fokusverse: 1 Kon 18: 36, 37 (1933/53 Vertaling)
Geestelike oorwinnings word fisiese oorwinnings.

Omgee:

- Oom Danie de Klerk het Dinsdag 'n suksesvolle katarak-operasie ondergaan.
- Neels en Hettie Beyleveldt was Woensdag skaars terug van die Kaap, toe word hulle bakkie met grassnyers en tuingereedskap gesteel. Hulle is egter dankbaar dat dit goed gaan met Hettie, Juanita en klein Bismarck.
- Elise Minnaar sukkel met haar ingewande en sien volgende week 'n spesialis.
- Beide Dirkie Snyman en Carla van den Heever se pa's is siek met kanker.
- Beide Sarie Schoeman en Corrie Erasmus se broers is ernstig siek met kanker.

Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/die erediens.

Afkondigings: ☼

- Vandag sonder ons af as 'n **Biddag vir reën**.
- **Vanaand 15 November** van 17:30 tot 19:00 **toerusting geleentheid** aangaande genesing wat Willie Volschenk fasiliteer in ons kerkgebou**.**
- **Diakens vergader** vandag, (15 Nov) net na die erediens.
- **Ouderlinge vergader** DV Dinsdag, 17 Nov, om 19:00 in die kuierkamer.
- **Tee/koffie skinkbeurte – vandag** skink Groep 1, Elzette, Hilda, Susan, Mariëtte.
- **Volgende Sondag** is dit Nagmaal en skink ons nie – daar is 'n gesamentlike Kerrie-en-rys ete met lidmate van Jabavu en Meadowlands na die erediens.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Vroue-aksie – Elzette vra…

Ons is op soek na iemand wat die susters kan koördineer vir 2016. Hier is 'n lys van die funksies wat gereël moet word. Indien ons iemand kan kry wat kans sien vir 'n spesifieke funksie sal dit baie help. Dan hoef een persoon nie alles te doen nie. Indien iemand belangstel om by 'n funksie betrokke te raak, laat weet asb vir Ankie.

Dit is die volgende:

➢ Reël van teebeurte.
➢ Verjaarsdae vir die predikantspaar - Koek en tee. (Januarie)
➢ Belydenis aflegging vir die katkisante - gewoonlik saam met die eerste Nagmaal - Koek en tee (Februarie)
➢ Geskenkies vir Valentynsdag. – Februarie
➢ Geskenkies vir Moedersdag – Mei
➢ Geskenkies vir Vadersdag – Junie
➢ Nagmaal ete - Sop en Sjerrie - Tweede Nagmaal ete (Mei)
➢ Teelepel ete - Derde Nagmaal ete (Augustus)
➢ Vierde Nagmaal – ete saam met Jabavu (November)
➢ Kersfunksie - Koek en tee (November)

Onthou Kerssangdiens 29 November 18:00

Lekker verjaar ...!🕯

Verjaardae in die week:

16/11 DYLLIN KUKARD	074 229 3488	
17/11 MATTHEW BRUMMER	071 153 0649	
17/11 HANNES PIENAAR	082 601 3508	
19/11 GERT VAN BERGEN	079 568 3652	011 673 3813

Mag die Here jou oorvloedig seën

Die Lewende Woord Vir Jou Vandag 🕮

Prediker: Ds Stephan Briel

Lees: 1 Kon 18: 16-46
Fokusverse: 1 Kon 18: 36, 37 (1933/53 Vertaling)
Geestelike oorwinnings word fisiese oorwinnings.

- Elia bekom eers geestelike oorwinning op die Karmelberg voordat hy bid vir reën.
- Elia gryp in die geloof vas aan die offers wat die priesters in die tempel in Jerusalem bring tot versoening van die volk se sondes.
- Tydens die aandoffer bid Elia spesifiek oor God se Woord in sy lewe en sy identiteit as God se kneg: "Laat dit vandag bekend word dat U God in Israel is, en *ek u kneg*, en dat ek al hierdie dinge *op u woord* gedoen het" (1 Kon 18: 36 OAV).

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:
Gebruik die volgende riglyne uit 1 Kon 18: 36 in gebed:

- Bely dat God Drie-enig alleen God is.
- Bely sondes en vra vergifnis in Jesus se Naam.
- Erken die Bybel as God se geïnspireerde Woord vir ons lewens.
- Aanvaar sonder twyfel jou identiteit as kind van God.
- Vra dat die Here genoegsame reën sal gee.

Gebed vir die ernstige droogte in RSA

'n Oproep tot gebed aan alle Christene (Riglyne saamgestel deur Jerigo Mure Gebedsnetwerk info@jwipn.com/ www.jwipn.com)
Plaaslike gemeentes kan gebuik maak van die volgende gebedsriglyne. Hierdie riglyne kan ook gebruik word by weeklikse selgroepe, Bybelstudie groepe, jeuggroepe en gebedsgroepe.

Ons belydenis van sonde moet die volgende insluit:

1. Persoonlik

- Dat ons God nie altyd liefhet met ons hele hart, verstand, siel en krag nie. (Matteus 22:37).
- Dat ons dikwels nie ons naaste liefhet nie. (Matteus 22:38).
- Dat ons nie verantwoordelikheid neem vir armes en noodlydendes en hulle versorg nie. Galasiërs 2:10

2. As kerk moet ons voor God bely:

- Dat ons nie heilig leef soos wat God dit van ons verwag nie en dat ons nie uitvoering gegee het aan God se opdragte nie: a) om die armes te versorg nie, b) nie ons verantwoordelikheid om te mense te evangeliseer opneem nie, c) die evangelie na

die nasies toe neem het nie.

- Dat ons dikwels louwarm is. (Openbaring 3:15-17). Dat ons allerlei sondes in die kerk toelaat wat die Heilige Gees bedroef en uitblus. Dat ons lewens nie altyd in ooreenstemming is met die duidelike bevele en riglyne van God in die Woord nie. As kerk moet ons ons bekeer van elke vorm van immoraliteit, egskeiding, die neem van omkoopgeld, ons gevoelloosheid teenoor mense wat sonder Christus sterf en die sonde van biddeloosheid.
- Dat daar by ons 'n gebrek aan liefde is vir mense in nood. (Jakobus 1:27).
- Dat ons dikwels kompromie maak deur nie die Bybel as hoogste gesag, waarheid en outoriteit te aanvaar nie. 1 Petrus 1:24-25 - Die Skrif sê: "Die mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom; die gras verdor en die blom val af, maar die woord van die Here, dít bly vir ewig. Hosea 4:6 - My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis.

3. <u>Regering</u>

- As gelowiges moet ons voor God die sondes van die regering bely:
- Elke vorm van korrupsie, bedrog, diefstal en omkopery.
- Dat die huidige konstitusie en regering nie die oppergesag van God en die Bybel erken nie.
- Dat die huidige regering, persone in senior posisies en ander instellings hulle nie aan die reg en die wette van die land onderwerp nie.

4. <u>Die nasie</u>

As gelowiges moet ons die sondes van die land voor God bely:

- Die toename in misdaad, geweldsmisdaad en moord.
- Die wettiging van aborsie.
- Die aktiewe pogings om God en die Bybel uit die skole, tersiêre instellings, regeringsinstansies en die werkplek te werk en ook beperkings op Christelike aktiwiteite soos bv. enige vorm van gebed te plaas.

Nadat ons hierdie sondes met goddelike berou voor God bely het, kan ons nou vir God vra om vir ons reën te gee. God is duidelik daaroor, dat as ons ons sonde bely en ons voor Hom verootmoedig, Hy vir ons reën sal gee.

2 Kronieke 7:13-15 - As Ek die hemel gesluit hou sodat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land kaal te vreet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel. Ek sal hierdie plek nou onder my sorg neem en ontvanklik wees vir elke gebed hiervandaan.

Vader ons erken ons afhanklikheid van U. U is die enigste Een wat vir ons reën kan gee. Gee weer vir ons reën in hierdie land en herstel ons land. Ons vra dit in Jesus Naam. Amen.

Ander Brokkies

- Elzette van Niekerk is dringend op soek na werk vir haar huishulp, Sophie, vir 2016. Sy is baie betroubaar en werk al 15 jaar vir hulle. Kontak haar gerus vir haar CV by elzette.vanniekerk@maragon.co.za of sel 072 750 1008 .
- Die volgende onderhoud met die Redakteur van Die Kerkblad oor Pretoria FM word DV op Sondag 15 November uitgesaai. Luisteraars buite die normale opvangsgebied (104>2MHZ) kan inskakel op TV-Oudiokanaal 887.
- Tuinwoonstel 1 slaapk, badk, sitk en komb beskikbaar in Roodekrans teen R4500.00 p. mnd (water en ligte ingesl) 56 m². Ideaal vir nie-rokende enkellopende persoon. Grant Kenning sel 084 951 1174.